Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

28 Julie 2023 Uitgawe: 2/3/2023

## UIT DIE KANTOOR

Na week twee van die kwartaal kan ek met eerlikheid sê dat die skool weer op al sy silinders hardloop. Die akademiese- en sportprogram is weer voluit aan die gang met die eerste hokkieliga-wedstryde wat reeds hierdie week plaasgevind het. Daar word ook tydens skoolure kilphard aan die konsert geoefen. Oor drie weke vind die toetsreeks plaas en word daar ook hard gewerk in die klasse.

Die leerders het verlede Vrydag hul rapporte ontvang. Eerskomende Dinsdag, 1 Augustus is oueraand en nooi ek ouers uit om hul kind se klasonderwysers te kom sien indien u behoeftes het wat aangespreek moet word. Kontak gerus die kantoor om ’n afspraak met ‘n onderwyser te maak.

Die Gr. 6-leerders keer vandag terug van hul besoek aan die buitelugskool te Moolmanshoek, Ficksburg. Ek glo dat die tydjie weg vir hul baie leersaam was op verskeie terreine en dat daar lang stories vanaand vertel gaan word. Baie dankie vir die ouers wat die kinders die geleentheid gegee het om ook hierdie avontuur te kon meemaak. Ek glo dat hulle vir nog baie jare hierna daaroor kan gesels.

## ANDER

Vanaf 1 Augustus sal die nuwe *#Tjokkieshop* oop wees vir sake.

| | | |
|---|---|---|
| Voorlopige tye : | Dinsdag, 1 Aug: | 12h30 – 14h00 |
| | Vrydag, 4 Aug: | 12h30 – 14h00 |

Ander tye word binnekort vasgemaak en deurgegee.

Kom loer gerus na hierdie nuwe winkel. Baie moeite is gedoen om ook hierdie lokaal ’n “*face lift*” te gee. Hou ook d6 dop vir watter voorrade en promosies beskikbaar is.


Let daarop dat die tweedehandse klere (klerebank van die verlede) ook vanuit hierdie lokaal bedryf sal word op dieselfde tye.  Ons verwys u weer na die riglyne hiervoor soos einde verlede kwartaal deurgegee of d6.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 28 Jul.: | Gr. 6-leerders keer terug van buitelugskool. |
| | Pom-Pom optrede te Kroonstad. |
| 29 Jul.: | Eunice Hokkie Festival (slegs sekere ouderdomsgroepe) |
| 1 Aug.: | Oueraand (16:00-19:00) |
| 2 Aug.: | Veiligheidsvergadering |
| 3 Aug.: | Hokkieliga vs Jim Fouché |
| 4 Aug.: | Kleuterskoolsportdag |
| | Leerderraad Uitstappie |
| | Kooraand (Geloofsentrum) |

# VERJAARSDAE

Geen



# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

Hierdie oulike sakkies (R65) en bekers (R75) is beskikbaar soos uitgestuur op die Karri-uitnodiging. Navrae kan aan kaalvoetkafee@tjokkies.co.za of via whatsapp 082 612 7756 gerig word. Daar sal ook later geleentheid wees om dit direk by die Kaalvoetkafee aan te skaf, maar dan teen R70 en R80 onderskeidelik.





# MNR. GUNTER GEE TERUGVOER

<u>**Vraag**</u>

**Gedurende Junie-maand is daar aan die rugby-ouers ‘n vraelys gestuur rakende terugvoer oor die afgelope seisoen en voorstelle hoe ons meer voorbereid kan wees vir die 2024-seisoen. Kan ons dalk terugvoer kry?**

*Die rugby- en netbal afrigters het reeds vergader na aanleiding van die seisoen se uitslae en hoe ons ons spel, vaardighede en voorbereiding kan verbeter. Uit die onderskeie vergaderings het daar heelwat positiewe voorstelle en planne gekom vir oorweging. Daar is reeds met kenners soos biokenetikuste en professionele afrigters gesels om ’n werkbare plan op die tafel te sit. Hierdie stappe is egter nog in die beplanningsfase. Sodra al die beplanning afgehandel is, sal daar weer ’n sportvergadering (rugby en netbal gesamentlik) met ouers gehou word. Intussen word daar vir nou eers gefokus op die hokkieseisoen.*

*Vir die van u wat belangstel, loer gerus na ’n opsomming van u terugvoer op ons vraelys soos wat ons dit ontvang het, deur op die skakel op d6 te klik.*


N NUWE JY
Vrou in volle blom met Ilse Du Preez
WEN N 'MAKE-OVER' TEN WAARDE VAN R3000!
DATUM: 19 AUGUSTUS 2023
TYD: 09:30 VIR 10:00
PLEK: NG KERK BERG-EN-DAL KERKSAAL
PRYS: R200 PP
Sluit ligte ete in
BESPREKINGS: ANNE-MARIE - 082 801 2700
VERKOPE SLUIT 12 AUGUSTUS 2023
Bring n vriendin, bring 'n geldjie, stalletjies te kies en te keur.


Tjokkies bied aan:
KOORAAND
Juniorkoor- Dirigent: Jana Stoltz
Seniorkoor- Dirigent: Jo-Retha Rossouw
Begeleidster: Marietjie Langenhoven
Kaartjies R60 pp (Te koop op Karri)
Plek: Geloofsentrum Universitas
Tyd: 18:00 vir 18:30
Navrae: Jana Stoltz 072 731 1292
4 AUG 2023


Ontdek 'n hele
Nuwe Wêreld
van Wiskunde
Gewilde boeke sluit in:
Ons Getallestelsel
Waardes
Heelgetalle
Afronding
Veelvoude
Breuke
Verhoudings
Persentasie
Eksponente
Konstruksie
Veelhoeke
Omtrek
Prismas
Inleiding tot Algebra
Funksies
Patrone
Datahantering
Transformasie
From R69/book
www.unicmaths.co.za
geskryf en saamgestel deur Nicolaas Slabbert
Persentasie
Veelvoude & Faktore







**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI
AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE


SILVER FIT
Established in 2017.
R399p/m
EXERCISE SOLUTIONS FOR OLDER ADULTS
Do you want to stay strong, fit and mobile?
Silver Fit is a well-researched, group exercise programme specifically designed to keep older adults (60+) strong, mobile and physically independent.
Benefits of Silver Fit
Regular physical activity produces a number of favourable responses that contribute to healthy and active ageing.
Our exercise classes focus on improving:
• Strength • Mobility
• Fitness • Flexibility
• Stability • Balance
FIND US IN LANGENHOVEN PARK
Join our community of like-minded older adults on a journey to better health and wellness.
What we offer
• In-person classes
• Online live and catch-up classes
• Access to our community groups and social club
Get in touch for a free 7-day trial!
www.silverfit.co.za
065 935 1106 | info@silverfit.co.za


betway
ODI SERIES
SA VS AUSTRALIA
BETWAY ODI SERIES
SOUTH AFRICA
CRICKET
CRICKET
AUSTRALIA
TICKETS AVAILABLE AT
ticketpro
MANGAUNG OVAL, BLOEMFONTEIN
THURSDAY
SEPTEMBER
13h00
7
SATURDAY
SEPTEMBER
13h00
9
BE PART OF IT
CRICKET
SOUTH AFRICA